higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N110**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Een simptoom van hardlywigheid (konstipasie) is ...

A gereelde, slymerige en/of groot stoelgange.
B ongereelde en uitgestelde stoelgange.
C los stoelgange.
D ’n loopmaag.

1.1.2 In watter stadium van die kraamproses ondervind die moeder ’n begeerte om te druk?

A Eerste stadium
B Tweede stadium
C Derde stadium
D Vierde stadium

1.1.3 Watter een van die volgende is NIE ’n oorsaak vir ’n baba wat huil nie?

A Die baba is moontlik honger.
B Die baba het dalk harde musiek of helder lig nodig.
C Die baba voel moontlik alleen of is verveeld.
D Die baba voel dalk ongemaklik.

1.1.4 Die reukorgaan is die ...

A tong.
B neus.
C vel.
D oor.

1.1.5 Educare-opvoedkundiges kan hulself teen siektes by die dagsorgsentrum beskerm deur ...

A gereeld kontak met siek kinders te hê.
B siek kinders toe te laat om hul speelgoed met die ander kinders te deel.
C siek kinders saam met ander uit dieselfde bak met dieselfde eetgereedskap te voer.
D siek kinders van die dagsorgsentrum uit te sluit.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Watter een van die volgende is NIE ’n simptoom van swangerskap nie?

A Moegheid
B Aambeie
C Oormatige fetusbeweging
D Groter gewig

1.1.7 Die voorbereiding van die omgewing waarin ’n baba gebad word, sluit in dat ...

A die warm water eerste ingegooi/ingetap moet word.
B ’n oopstaafverwarmer in die vertrek gebruik moet word.
C die vensters en deur toegemaak moet word om ’n trek te verhoed.
D die deur van die vertrek oopgelos word terwyl die voorbereiding gedoen word.

1.1.8 Watter een van die volgende is NIE nodig om bottels skoon te maak of te steriliseer nie?

A Sout
B Reinigingsmiddel
C Bottelborsel
D Botteltietborsel

1.1.9 Die gemiddelde swangerskap duur omtrent ...

A 6 weke.
B 40 weke.
C 90 weke.
D 60 weke.

1.1.10 Die behandeling vir borsstuwing (‘engorged breasts’) is om ...

A tepelroom aan te smeer.
B die tepels aan direkte sonlig bloot te stel.
C spinasieblare op die borste te sit.
D koolblare op die borste te sit.

(10 × 2) (20)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die genetiese samestelling van ’n individu	A	vitamine A
1.2.2	Die noodsaaklike klere en linne wat vir ’n pasgebore baba se aanvanklike behoeftes aangeskaf moet word	B	spening
1.2.3	Om die gesig, hande en doekarea te was sonder om die hele lyf te was	C	om net die noodsaaklikste te was (*topping and tailing*)
1.2.4	Een resultaat daarvan as te min of geen vitamines by ’n dieet ingesluit word	D	erflikheid
1.2.5	Die bekendstelling van vaste kos aan ’n baba	E	baba-uitset
		F	vitaminegebrek

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Verromers en suiwelmengsels is geskik vir babavoeding.

1.3.2 Alle kinders met konjunktivitis (‘pink eye’) moet by die huis gehou word totdat hulle herstel het.

1.3.3 Spening is nodig as die moeder van die baba ’n geestesprobleem het en die baba kan seermaak.

1.3.4 Educare-opvoedkundiges kan enige siekte by babas of kleuters diagnoseer of behandel.

1.3.5 Juweliersware moet afgehaal word wanneer ’n baba gebad word.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

enkropese (bedbevuiling); episiotomie; enurese; allergie; inkubasietydperk; lewer

1.4.1 Ontgif stowwe soos alkohol

1.4.2 Die tydperk van penetrasie deur ’n siektedraende organisme totdat die simptome ervaar word

1.4.3 Onvermoë om urinering te beheer, veral in die nag of wanneer die kind slaap

1.4.4 Die snyding in die weefsel tussen die vagina en anus om die vaginale opening te vergroot

1.4.5 Die responsie van die liggaam op ’n spesifieke irritasie

(5 × 2) (10)

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Adviseer die moeder van ’n baba oor hoe sy die geslagsdele van die volgende kinders tydens die badproses moet hanteer:

2.1.1 Babadogter (6)

2.1.2 Babaseun (8)

2.2 Noem enige DRIE funksies van die hart. (6)

2.3 Verduidelik hoe die volgende omgewingsgesondheidsfaktore gehanteer kan word om mense teen aansteeklike siektes te beskerm:

2.3.1 Voedsel- en melkhigiëne (4)

2.3.2 Behuising (2)

2.3.3 Vullis- en rioolverwydering (6)

2.4 Verduidelik die risiko's daarvan om ’n baba met ’n borslap aan te laat slaap. (2)

2.5 Gee raad aan ’n swanger vrou oor hoe sy haar vel en gesig moet versorg. (8)

2.6 Die giftige chemikalieë in derdehandse rook hang in die lug rond selfs nadat die roker die sigaret, sigaar of pyp uitgedoof het. Die rook word in hare, op die vel, in materiaal, op matte, in meubels en op speelgoed vasgevang.

[Bron: *www.timetostart.co.za*]

2.6.1 Stel ’n manier voor waarop jy jouself, swanger vroue, jou kinders en jou gesin teen tweedehandse en derdehandse rook kan beskerm. (2)

2.6.2 Noem VIER siektes wat deur die blootstelling aan tweedehandse rook veroorsaak kan word. (4)

2.6.3 Dui die asemhalingsorgaan aan wat erg deur rook geaffekteer word. (2)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Gesinne met skoolgaande kinders doen meer griepinfeksies as ander gesinne op. Een derde van gesinslede word gemiddeld elke jaar met griep besmet wat deur 'n kind oorgedra is.

[Bron: *www.medinformer.co.za*]

3.1.1 Noem VYF griepsimptome. (5)

3.1.2 Stel enige DRIE voorsorgmaatreëls voor wat getref kan word om die verspreiding van griep en verkoues te voorkom. (3)

3.1.3 Verduidelik VYF prosedures wat gevolg kan word wanneer temperatuur (koors) met behulp van 'n kwiktermometer gemeet word. (10)

3.2 Noem AGT nadele van kunsmatige (formule-) voeding. (16)

3.3 Dui die rede aan waarom 'n Educare-opvoedkundige die bad moet ontsmet voordat dit vir 'n ander baba of kleuter gebruik word. (2)

3.4 Gee DRIE funksies van kleding. (3)

3.5 Daar kom maatskaplike probleme voor wat moeders kan dwing om hul babas tydens die vroeë weke ná geboorte te speen.

[Bron: *Child Health N4 manual]*

3.5.1 Beskryf die situasies wat die moeder tot spening sal dwing. (8)

3.5.2 Verduidelik die risiko verbonde aan borsvoeding wanneer 'n moeder MIV/vigs het en nie daarvoor behandel word nie. (2)

3.6 Dui aan hoeveel keer materiaaldoeke uitgespoel behoort te word om brandboudjies ('nappy rash') te verhoed. (1)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1

> Mense is weens terrorisme ontwortel en gedwing om van hul tuistes weg te vlug. Hierdie mense het alles agtergelaat om na veiligheid te vlug en het uiteindelik in kampe beland. Hulle het hulp nodig in die vorm van gesondheidsorg, water, higiëne en sanitasie. Hulle maak dikwels op 'n rivier, 'n put, of een of twee krane staat om drink- en waswater en water om te kook en wasgoed te was, te bekom.

[Bron: *www.msf.org.za/pushthelimits*]

4.1.1 Dui aan waarom dit noodsaaklik is dat kinders geïmmuniseer word. (2)

4.1.2 Gee TWEE Suid-Afrikaanse welsynsorganisasies wat ondersteuningsdienste aan hierdie vlugtelinge kan voorsien. (2)

4.1.3 Cholera kan ernstige diaree veroorsaak.

Verduidelik die mengsel wat vir 'n elektrolietoplossing aangemaak moet word. (4)

4.2 Beskryf die voordele vir die moeder wanneer sy borsvoed. (10)

4.3 Dui DRIE maniere aan waarop voedselallergieë verhoed kan word. (6)

4.4 Noem VYF algemene tekens en simptome van voedingsprobleme by babas. (5)

4.5 Verduidelik waarom 'n swanger vrou nie in baie warm water moet bad nie. (2)

4.6 Gee TWEE redes dat gesigwaslappe nie meer by dagsorgsentrums gebruik word nie. (4)

4.7 Noem VYF algemene voedselallergieë. (5)

4.8 Verduidelik VYF maniere waarop brandboudjies behandel kan word. (10)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou